Teks vooraf:

So sê die HERE: Gaan staan in die voorhof van die huis van die HERE, en spreek tot al die stede van Juda wat kom om te aanbid in die huis van die HERE, al die woorde wat Ek jou beveel het om aan hulle te sê; laat geen woord weg nie. (Jeremia 26:2 AFR1953)

Sing vooraf: Psalm 19:2 (p. 82)

2 Hoe goddelik en skoon / en wonderbaar dié toon / wat deur die skepping gaan!
Geen volk so onbegaaf, / geen oor so onbeskaaf, / wat nie dié taal verstaan.
Die prag van hemellyn / wat deur die wydtes skyn, / spreek daar so luid en kragtig
dat nêrens hart of oor / dié skeppingstaal nie hoor – / tot roem van God almagtig.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.
Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Lofpsalm 33:2 (p. 157)

2 Sing nuwe sange, nuutgebore / uit aandrif van die skoonste kuns;
trompetgeklank deur tempelkore / moet danksê vir Gods nuwe guns.
Wat ons toegeseg is / in Gods Woord wat reg is, / het ons hart verbly;
en Gods almagsmerke / sien ons op sy werke – / waar en reg soos Hy.

Geloofsbelydenis: Nicea

Na die wet bely ons voor God ons sondeskuld en bid vir vergewing van ons sondes met Psalm 86:1 (p. 431).

Wet

Psalm 86:1 (p. 431)

1 HEER, my God, ontferm U oor my, / luister na my stem, verhoor my!
'k Is ellendig, diep in nood, / gans en al van hulp ontbloot.
O bewaar my, U 's almagtig; / maak my weer u guns deelagtig;
red u kneg, verlos my nou, / waar 'k alleen op U vertrou.

Gebed

- ***Doksologie***
- ***Aanbidding***
- ***Skuldbelydenis***

Vergifnis

- ***Dank***
- ***Smeking vir die nood van die gemeente en voorbidding vir die kerk, owerhede en sondige wêreld, asook die beroep op die beloftes van God***
- ***Algemene bede***
- ***Verligting van die Gees ter wille van die Woorddiens***

Amen.

Skrifberyming 2-2:1 (34:1)

1 Die HEER is God, 'n eenge HEER; / die HEER is God, en niemand meer. / Erken dit, alle volke,
van waar die sonlig smôrens blink / tot waar dit in die purper sink / van sagdeurglansde wolke.
Die HEER is God, want Hy formeer / die dag en nag wat wend en keer / na sy verordeninge.
Hy bring die heil en onheil voort, / hul luister na sy almagswoord – / die HEER doen al die dinge.

Skriflesing: Matteus 9

Teks: Matteus 9:2c

> **En hulle het ’n verlamde man wat op ’n bed lê, na Hom gebring. En toe Jesus hulle geloof sien, sê Hy aan die verlamde: Seun, hou goeie moed, jou sondes is jou vergewe.** (Matteus 9:2 AFR1953)

Seun hou goeie moed, jou sondes is vergewe . . .

Hierdie gebeurtenis is opgeskryf, en het plaasgevind, om die doel van Jesus Christus se kruisdood aan ons te openbaar.

In die preek word aandag gegee aan die volgende sake:

1. Die agtergrond
2. Die Here Jesus Christus openbaar sy goddelike almag
3. God se almag ook oor ons

1. Die agtergrond

As ons die evangelies van Markus en Lukas saamlees met hierdie gedeelte, kom ons agter dat hierdie verlamde man deur vier ander mans aangedra was na die Here toe.

- Hulle kon ook nie by die Here uitkom nie, want die mense het Hom toegestaan.
- Toe klim hulle op die huis se dak en haal van die dakpanne af en laat die verlamde deur die dak afsak na die Here toe.

Die volledige beskrywing van die poging van hierdie lamme en sy vriende om by die Here Jesus uit te kom, is bloot om hulle geloof duidelik te beskryf.

- Hulle het so onwrikbaar geglo dat die Here die verlamde sal genees, dat hulle selfs deur die dak van die huis ingebreek het om by die Here te gaan vra vir hulp.
- Die Here openbaar hier dat Hy in ’n mens meer sien as wat met ’n liggaamlike oog gesien kan word.

Daarom begin vers twee inderdaad met ’n uitroep, wat in die Afrikaanse Bybel glad nie vertaal is nie: **Kyk, hulle het ’n verlamde . . . na Hom toe gedra . . .**

Die verdere belangrikheid van die volledige beskrywing van hoe die man by die Here uitgekom het, is om die geweldige spanning te teken wat daar by die lamme en sy vriende bestaan het.

- Hulle het nie maar sommer lag-lag deur die dak gebreek omdat die deur vol mense gestaan het nie.
- Geloofspanning het hulle gedryf.
- Die ander mense was waarskynlik verstom van verbasing toe hierdie manne gedetermineerd deur die dak opdaag in die midde van Jesus se prediking.

Daarom die Here se woorde: **Seun, hou goeie moed.**

- Letterlik staan daar: *Kind, hou goeie moed.*
- Die woord was maar bloot ’n woord waarmee hulle enige mens aangespreek het.
- Dit was ’n informele aanspreekvorm.

Daarna sê die Here dat die man goeie moed moet hou, sy sondes is vergewe.

- Letterlik: *jou sondes is weggeneem*.

Dit beteken nie dat ’n mens se siektes deur sy sondes veroorsaak word en dat jy in alle gevalle eers vergewing van sondes moet kry voordat jy genees kan word nie.

- Elke mens dra ongetwyfeld die straf van die sonde ook in sy liggaam rond, maar dit beteken beslis nie dat elke siekte die direkte gevolg van jou sondes is nie (Johannes 9:3).
- Daar is Skrifverklaarders wat meen dat die lamme van wie ons hier lees, die spanning gehad het dat sy sondes sy siekte veroorsaak het, en dat dit is waarom die Here eers vir hom gesê het dat sy sondes weggeneem word.

Ons weet dit in elk geval nie vir ’n feit nie.

2. Die Here Jesus Christus openbaar sy goddelike almag

Ons moet onthou dat die doel waarom hierdie gebeurtenis neergeskryf is, is om die almag van God te openbaar.

- Bepaaldelik dan soos wat dit in die versoeningswerk van die Here Jesus na vore kom.
- Jesus gee nie net herstel van die liggaam nie – Hy bewerk ook vergewing van sondes.
- Om dit te beklemtoon word die saak van sondevergifnis eerste gestel.

Die liggaamlike herstel is tekenend van herstel deur die vergewing van sondes.

Die res van die gebeure onderstreep nou die Here Jesus se bevoegdheid om sondes te vergewe – dus om versoening tussen die mens en God te bewerk.

- Die Skrifgeleerdes merk op dat Jesus praat met God se gesag.
- Hy vergewe sondes wat God alleen kan doen.
- Onmiddellik oordeel hulle dat Jesus Godslasterlik praat.

Dan openbaar Jesus sy goddelike mag verder aan hulle as Hy sê:

> **Wat is makliker, om te sê: Jou sondes is jou vergewe; of om te sê: Staan op en loop?** (Lukas 5:23 AFR1953)

Let wel: God kan al twee ewe maklik sê.

- Om ’n mens te genees met ’n magswoord is net so buite die bereik van ’n mens as wat die vryskelding van sondes is.
- Maar al twee is ewe binne die vermoë van God.

Die Here is ook nie haastig om die man se skuldvergifnis en genesing onmiddellik na mekaar of gelyktydig te doen nie.

- Dis asof die Here eers die situasie gebruik om die mense ryp te maak vir wat daar gebeur sodat die almag van God in die gebeurtenis self tot die mense kan deurdring.

Daar was nog ’n keer wat iets soortgelyks gebeur het.

- Dit was toe hulle vir Jesus kom vertel het dat Lasarus siek is (ons lees dit in Johannes 11).
- Nadat die Here die boodskap gekry het, het hy eers nog twee dae daar gebly.
- Hy wou seker maak dat Lasarus dood is wanneer Hy daar kom.

Daarom het die Here vir die mense wat die boodskap gebring het, gesê: Hierdie siekte is nie tot die

dood toe nie, maar tot die heerlikheid van God, sodat die Seun van God daardeur verheerlik kan word.

- Lasarus is toe dood, maar die Here het hom opgewek.
- Waarom op hierdie manier?

Jesus se eie woorde is:

> **. . . en Ek het geweet dat U My altyd verhoor, maar ter wille van die skare wat rondom staan, het Ek dit gesê, sodat hulle kan glo dat U My gestuur het.**
> (Johannes 11:42 AFR1953)

Met hierdie optrede by sowel Lasarus as die verlamde het die Here Jesus bevestig dat Hy die vermoë het om:

- skuld te vergewe,
- om te genees, en
- om uit die dood op te wek.

Vers 6:

> **Maar dat julle kan weet dat die Seun van die mens mag het om op aarde sondes te vergewe – toe sê Hy vir die verlamde man: Staan op, neem jou bed op en gaan na jou huis toe.** (Matteus 9:6 AFR1953)

In al hierdie genesings is iets van die wederopstanding vasgevang – hulle is voorspele van ons laaste herstel wanneer dieselfde Jesus op die wolke kom!

Die Here het Homself hiermee geopenbaar as die Messias wat deur God gestuur is, en wat uit God se hand die absolute bevoegdheid ontvang het om sondes te vergewe.

- Hierdie bevoegdheid is so verreikend dat alle magte in die hemel en op die aarde aan Hom gehoorsaam is.
- Daarom kan hulle dit nou self sien dat Hy op die aarde sondes kan vergewe.

3. God se almag ook oor ons

Die hele saak raak nie net die hiernamaals nie.

- Dit raak ook ons lewe hier.
- Hoe dikwels beleef gelowiges dit nie dat dit vir hulle voel asof hulle tevergeefs bid nie?
- Dis net asof daar nie die aanvaarding kan kom dat die Here ons sondes wat agter ons lê kan vergewe nie, of nie vergewe het nie.

Daarom staan hierdie dinge in God se Woord!

- Jy kan sonder enige twyfel weet dat Jesus Christus sy lewe gegee het sodat jy vergewing van sondes kan ontvang.
- Hy het gesterf sodat vergewing van sondes met sy wederkoms saamval met herskepping.
- Herskepping beteken dat u liggaam vernuut en verheerlik sal wees, en dat u volmaak sal wees.
- Siekte sal nie daar bestaan nie.

Maar dan moet ons dit ook glo.

- Die vier manne wat hulle verlamde vriend gebring het, is hier tekenend van hoe sterk ons geloof behoort te wees.

- Die ware geloof het ’n onkeerbare dryfkrag in hom – die mense het teen die muur opgeklim en die dak oopgebreek omdat hulle in hulle geloof geweet het dat die Here hulle vriend kan genees.

Ons geloof vertoon dikwels die tekens van verlamming omdat ons nie in rat kan kom nie.

- As ons sukkel met dinge soos kerkbesoek en die dinge wat daagliks in ons aanbidding voorkom, hoe sal ons werklik geloofskrag aan die dag kan lê?
- Dis waar ons probleme gebore word – ons is self nalatig en dan kla ons as die twyfel ons oorval.

Weet dat die Here leef.

Weet dat Hy lewend oor alle mag regeer.

Weet dat Hy gesterf het tot vergewing van alle sondes wat u doen, en ook tot u opstanding in die ewige lewe.

Amen.

Slotgebed

Slotpsalm 116:3, 5 (p. 569)

3 “Ag, red my, HEER, na u beloftenis!” / Toe ’t God gehoor; Hy is my lofsang waardig;
Hy is die HEER wat goed is en regvaardig, / en vir sy volk groot van ontferming is.

5 U het my siel weer van die dood bevry; / in droefenis droog U, o Heer, my trane;
U lei my voet langs nuwe lewensbane, / om in u lig te wandel, lewensbly.

Die genade van die Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees bly by u almal.

Amen.

Dr MJ du Plessis
Gereformeerde Kerk Bellville
Datum: 11 Oktober 2009